# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Eerste Kwartaal 1992


# Oud-Affie swaai septer oor alma mater

## — Dr Pierre Edwards, AHS se nuwe hoof —

— Braam Naude, Johan O'Kelly

**Op 6 April 1652 sit Jan van Riebeeck voet aan wal in Kaap die Goede Hoop — 301 jaar en 'n paar dae later, op 23 Mei 1953 word Pierre (Peter) Edwards vir John Henry en Dorothy Edwards gebore. Nou nie dat ons geskiedenis wil praat nie, maar 'n week na sy geboorte, vind die "Groot Trek" binneland toe plaas.**

Die Edwards-seuns, John, Richard en Ernie begin hul skoolopleiding aan die Laerskool Pretoria-Oos en volg dan die logiese paadjie na die Afrikaanse Hoër Seunskool.

Tipies het dié ouer broers ook 'n vierjarige sleepsel gehad om op te pas en moes hy maar saam as hul by hul "groot" skool onwettig gaan swem het. Vroeg-vroeg was sy broers se onderwysers, soos Ou Malle, Soppies en Pistool ook vir hom bekendes. Deur sy broers en hul Affie-meelewing, het die groot liefde vir Affies ontstaan en gegroei.

Uiteindelik breek 1966 aan en word Pierre Edwards 'n ingeskrewe lid van sy geliefde Afrikaanse Hoër Seunskool, min wetende dat hy 26 jaar later die eerste Affie gaan wees om Affies se jongste hoof ooit te word.

Sommer by sy eerste atletiekbyeenkoms, as standerd sessie, het hy deel van die eiesoortige Affies geword toe die matrieks die voortou geneem het en om die baan gemarsjeer en gesing het. Die ander skole het nog stiller op die pawiljoene geword en stomgeslaan gesit en dié arrogante, vindingryke groep bewonder.

Om die kroon op die lewenslustige gees te span het die Affies windmakerig met 'n "Hitler-saluut" afgesluit en só hul unieke stempel op die res van die dag afgedruk. Daardie dag het die jonge heer Edwards onder die diep indruk van Affie-wees gekom. 'n Span wat alles geesdriftig saam doen, soos een man.

In dié milieu van gevestigde tradisies, en 'n roemryke geskiedenis, het dr Edwards probeer om 'n gebalanseerde betrokkenheid deur sy skoolloopbaan te handhaaf. Genoeg akademie, genoeg sport, genoeg kultuur, genoeg Affie-pret, genoeg van alles om 'n suksespad vorentoe te verseker.

Atletiek, hoogspring en paalspring, was sy groot liefdes waarin hy dan ook twee keer erekleure verwerf het en Affies reeds vanaf standerd agt in die Interhoërspan verteenwoordig het. Vanaf standerd agt het hy ook vir die eerste krieketspan gespeel en later vir Tukkies (1973-1979). Hy was ook lid van die Europese krieketoerspanne in 1975.

Erens begin die pad van 'n Springbok en dié ene het reeds in die 1966 o/13 A-span, sy pad na o/14 A, o/15 A toe begin oopspeel, al die pad boontoe. Affies se uitstekende rugbyspelers het dr Edwards eers uit die eerste span gehou tot na die Julievakansie, toe hy deur puik spel in die Direkteurstrofeewenspan van 1970 opgeneem is.

Vanaf 1975-1979 speel dr Edwards vir UP rugby en was 'n lid van die Europese toerspanne (1978); Noordelike Universiteite (1976); SA Universiteite (1979). Hy word met rugby-erekleure bekroon en gekies as Agterspeler van die Jaar (1978). In 1977-1978 is hy spelerverteenwoordiger op die Rugbybestuur.

Later: 1977-1984 verteenwoordig dr Edwards Noord-Transvaal 89 keer en hou dan ook die rekord **vir die meeste wedstryde** as heelagter. In 1978 is hy genomineer as een van die vyf Rugbyspelers van die Jaar. Voorts lees sy rugbyloopbaan só: sewe Curriebekereindstrydwedstryde (1977-1983); verskyn op die Springbok- en spelerserol van die Noord-Transvaal Rugbyunie; verteenwoordig Suid-Afrika in twee toetse teen Suid-Amerika en was reserwe in een toets teen die Britse Leeus in 1980.

Laaste maar nie die minste nie, is Affies baie trots op sy derde Rugbyspringbok. Sy veelsydige sportmanskap blyk ook uit die feit dat hy reeds drie maal die Comrades voltooi het.

Dr Edwards sê sport is 'n goeie ding, maar te veel van 'n goeie ding is ook nie meer goed nie. Akademie kom eerste en maak deure vir jou oop, sodat jy iets vir die samelewing kan beteken. Sy akademiese rekord is ook sprekend van hierdie lewensfilosofie: 1974 BA (met lof) UP, met hoofvakke: Geskiedenis, Wiskunde en Sielkunde; 1975 BA Hon en Wysbegeerte III (met lof); verwerf UP-akademiese erekleure; 1978 HOD (met lof) Unisa; 1982 B Ed Unisa; 1984 MA Geskiedenis (met lof) UOVS; 1989 D Phil Geskiedenis UOVS en hy het ook 1992 die Diploma in Onderwysbestuur (met lof) geslaag.

**Dié wat dr Edwards ken, weet dat hy 'n ewige** student is, 'n leergierige en belese mens.

Na drie jaar as dosent aan UP (1976-1978) loop sy pad terug na die Afrikaanse Hoër Seunskool in 1979. Van onderwyser tot skoolhoof in elf jaar — dit wil gedoen word!

Die feit dat Doktor, met 'n vyand, 'n Parkie, matriekafskeid toe is, word hom vergewe, **want hy kom reg** en trou met 'n oud-Bloemfonteiner uit die Oranje Meisieskool en boonop 'n oud-Affie (AHMP)-onderwyseres.

Só terloops ... dié huwelikseremonie het in die Ooskerk plaasgevind en **die onthaal: in Meisieshoër se skoolsaal.** Mev Aryna Edwards (née Lombaard) is 'n bekende Springbokhokkiespeelster en -keurder, ook 'n provinsiale atleet en swemmer op haar dag. Sy was prefek en dirigent op skool en primaria op Universiteit.

Die dame is natuurlik net so veelsydig soos haar man en afgesien van haar sport is sy ook 'n kunstenaar in eie reg. Tans is sy een van die top eiendomsagente in Pretoria.

Die twee pragtige dogters: Aryna en Corné, is bekende gesiggies by Affies en hul pa sê hul gaan beslis na ons susterskool, waaroor hy lofliedere sing.

Boodskap: *As Christen is dit elke Affie se plig om met al sy talente tot eer van God te woeker. Daarom moet 'n Affie op elke lewensterrein streef na dit wat eersterangs, voortreflik en uitnemend is en sodoende die lig uitstraal.*



*Mev Aryna Edwards, Corné, Arynatjie en dr Edwards.*

# Gasvroue van die Jaar

— D Visser

**As daar ooit 'n toekenning gemaak sou word aan 'n skool wat uitblink op die gebied van gasvrouskap, sou die Affies 'n uitstekend kans staan om dit te wen.**

Soos almal teen hierdie tyd weet, was ons hierdie jaar gasvroue tydens Interhoër.

Onder die onderwyseresse is daar 'n gesegde dat 'n Affie jou nooit "drop" nie — hierdie stelling is daardie dag dubbel en dwars bewys. Almal het hulle deel bygedra, van die Hoof-Affie tot die Affie-ma's en -pa's tot die Affie-juffrouens en twee Affie-menere (een ons eie en die ander een aangetroud) tot die behoede Affies (manlik sowel as vroulik).

Aan die hoof van al die Affie-bedrywighede (wat deur geeneen as affie plaas beskryf kon word nie), was ons eie Affie-bioloog-cum-rooi-lêer-draer-cum-organiseerder soos min.

Talle komplimente uit alle oorde oor min of meer alles wat die dag daar aangerig is op die gebied van gasvrouskap, het ingestroom na die skool — dit het gewissel van die netheid van die kleedkamers tot die etes tot die vriendelikheid van die ontvangsdames tot die kos wat te koop aangebied is tot die aanwysing van die parkering.

Affies was regtig die wenners daardie dag, sowel [illegible] die veld, as daar rondom. Die dag was 'n reusesukses, wat gelukkig net een keer elke twee skrikkeljare herhaal hoef te word!

(AHS dink óók die gasvrouens was puik!)

# Affies die Eerste

— Johan O'Kelly en Anina Boshoff

**Affies beleef een van die beste atletiekseisoene in jare.**

Die spanne lewer die een skitterende prestasie na die ander en alles dui daarop dat al die puik prestasies van verlede jaar herhaal en verbeter gaan word.

"Wie het gesê Affies kan net rugby speel en koor sing?"

**Reeds vanaf die Interhuis-byeenkoms is daar 'n gees los onder die seuns- en dogtersatlete én hul onderskeie afrigters. Dat hulle gereed was vir 'n triomftog, bewys hul baie gou.**

Affies beléef dié jaar 'n uitstekende atletiekseisoen — **die atlete is deeglik voorbereid**, entoesiasties, fiks en vol veggees. Niemand wil teleurstel nie ... elkeen wil slegs sy of haar beste gee.

Opoffering, oefening, uithouvermoë en 'n beoogde prestasie, bring die pragtige suksesse.

Die koshuis se maklike oorwinning tydens Interhuis was natuurlik nie 'n verrassing nie. Reeds tydens die byeenkoms het atlete puik prestasies gelewer en is 'n goeie seisoen vóórspel. Suzanne Cullen, Marlie Basson, Zirk Buys, Riaan Olckers en talle ander skitter.

**Teen Brits op 25 Januarie** en Ermelo later, **begin afronding en gereelde en goeie oefening vrugte af**werp. Affies toon dan ook dat hul 'n te gedugte teenstander vir Brits is. Tydens die Ermelo-byeenkoms het die algemene gevoel dat die onfikses fiks geword het en met uitstekende prestasies begin raak-raak het aan die 900 punte op die Sasoltabel.

Met 'n verswakte span het die Affies ook die magtige Waterkloof op eie werf in die stof laat byt.

Die Randburg-Jeugland tuisbyeenkoms was 'n byeenkoms waar op gelyke vlak meegeding is teen die twee sterkste **skole in die Transvaal**-streek. 'n Bevredigende byeenkoms met sterk en gesonde kompetisie.

Op Interhoër het die gasvroue vroeg-vroeg gewys dat hul atlete stof in die ander se oë skop en uiteindelik 'n klinklare oorwinning verseker. Die seuns-atlete staan vir niemand terug nie en wen met 'n meerderheid van 'n 101 punte. Hiermee bewys die Affies hul is by verre die beste in die A-Bond.

By die Sasol-uitdunkompetisie gaan die atlete steeds van krag tot krag.

Die Direkteurstrofee uitdunne om te bepaal wie is die Noord-Transvaal kampioene, het die volle span se deelname hul goed laat wen.

Dat die Meisies nie die Direkteurstrofee gewen het nie, is baie jammer. Hierdie gedugte span dogters was deurgaans dié sterre.

**(Vervolg op p 12)**





*Agter: Yvette Steenkamp, Ciska Joubert, Marli Hefer. Voor: Annelet Jordaan.*



*Agter: Sandra Langeveld, Doreen Bornman. Voor: Nadine Bober, Natanya Cronjé.*

## Dié standerd sesse weet wanneer om wat sê!

**— Dalene Visser**

**Daar is baie tye in my lewe wanneer ek so trots is om 'n Affie te wees dat my hart sommer daarvan wil ontplof!**

Die dag toe die standerd sesse aan die Afrikaanse redenaarskompetisie deelgeneem het, was weer so 'n dag. In die egte Affietradisie, het elkeen van hulle hulle heel beste gelewer.

Hulle het so mooi gelyk, deels omdat hulle daarop aangedring het om hulle skoolbaadjies aan te trek. Met 'n temperatuur van 32 grade, kan hierdie besluit as uiters dapper beskou word!


Gelukkig het hulle nie gehallusineer agv die toegevoegde hitte nie, maar presies gesê wat hulle moes sê! Selfs die reserwe, wat nooit nodig gehad het om 'n woord te sê nie, het haar maats ondersteun en vermaak — lg help nogal in tye van groot spanning!

Standerd sesse, julle was uitvoerstandaard en ware, beproefde, getroue Affies!

"Parkie"-dirigente



# Mej Valentyn 1992



*Vlnr: Tanja Coetzee, tweede prinses; Romy Robertson, Mej Valentyn; Mev M van Vuuren, Annie Malan, eerste prinses.*

**MATRIEKS SE BYNAME:**
Heidi: "Bee-Bee" of "Birdie";
Lustelle: Haar ma noem haar "Tessie' en haar broer noem haar "Pnoerts";
Tania: "Spaghetti" of "McGoon" of "Rhizopas";
Lize: "Lizard";
Sandri: Haar verhoognaam is "Anna McKenzie";
Debra: Soms "Muskiet" genoem;
Deirdre: Soms "Biscuit" genoem;
Tani: "Taanster";
Anina: Haar ma noem haar "Nini";
Erika: "Eka";
Reta: "Griet";
Jeane: "Sopbeen" of "Soppie";

## 730 hoede op 'n ry ...

**— Melanie Riding**

**... een, twee, drie, vier, stap hul verby. Die AHM-Interhoër-laphoedprojek het begin — natuurlik met entoesiastiese Affie-ondersteuning.**


Ons had twee weke om minstens sewe honderd en dertig laphoede te voltooi. Die arme mej McClean en haar huishoudkundesentrum is mooitjies ingespan om die reuseprojek te help realiseer.

Mev Westhoff, Therese se hardwerkende ma en mev Muller, die gedugte hokkie-afrigter en onderwyseres van Afrikaans, het die projek georganiseer en gekoördineer.

Die groot werk begin toe. Daar is bespiegel dat die st neges nooit daarin sou slaag om die hoede betyds klaar te kry nie, veral na week een verby was en die halfpadmerk nog nie bereik was nie. Die Vrydagmiddag het egter 'n wonderwerk opgelewer!


Skares flukses het aangemarsjeer om hoede af te tel vir 'n naweek van aanmekaarstik; dertig hier en twintig daar en teen Maandag was daar sewe honderd en dertig klaar! (Let op die rym! — Red.)

Alles was beslis die moeite werd! Met trots kon ons mede-Affies aanskou waar hulle in formasie op die pawiljoen gesit het. Toe wen ons nog boonop ... maar dis 'n ander hoofnuusstorie!






**Affiemodes in Aksie**



**Ek sien haar lê op die nuwe mat!**

# Stel jou voor ...

- Gina met blonde hare
- Sandri sonder 'n "tan";
- Antoinette S kort;
- Rochelle lank;
- Annie sonder haar "smile";
- Anina sonder haar balkiesssss;
- Suzanne sonder Sandton;
- Sandton sonder René;
- Margarethe met styl hare;
- Annaleen sonder "spikes";
- Giselle sonder energie;
- Anét sonder "Buttons";
- Jeané afwesig;
- Ciska by die skool;
- Debra vet;
- Gerda ongewapen;

## Vroegaandtydmors?

**— Elrica de Kock**

**Wanneer die son stadig in die weste gesak het, het dieselfde groepie getroue gesigte altyd op die pawiljoen gesit, reg om te sing. Dit was die geval by die meeste "sing-songs" hierdie jaar.**

Die dirigente het die volgende dag gekla, maar daardie aand was dieselfde groepie ondersteuners maar weer daar. Selfs toe ons saam met die seuns gesing het, was dieselfde groepie dagskoliere en (natuurlik) die koshuisleerlinge daar.

Op die vraag wat gedoen moet word om die "singsongs" te verbeter, het Ankia, die hoofdirigent, geantwoord: "Ons moes seker afgekondig het dat daar 'n Sokkie op die veld gehou word. Dan sou jy gesien hoe baie kinders gekom het!"

## Die ontgroening

**— Michelle Buchel en Esther Venter**

**Dit was 'n donker dag in die Affie-Ryk toe die barbaarse Oenga-Boengas ons binnegeval het. Hulle was astrant, harig, ongepoets en nog baie na aan die grot. Die eenvormigheid in Affieland is heeltemal onvergewerp.**

Onder leiding van Keiser Venter en die erekonsuls, het die adelstand na 'n uitputtende twee weke uiteindelik daarin geslaag om die "grensgeval-'homo sapiens'" tot 'n relatiewe mate van elegansie en beskaafdheid te bring.

Gedurende hierdie tydperk het die arme "magistrae" (matrieks) onder leiding van Cleopatra (Annie), Extrema Arrogantia (Anina) en Pompeius Jannie-us (Marika), bloed gesweet om 'n amper onmoontlike taak te probeer verrig.

Die verstrooide plebs wou maar net nie aanvaar dat hulle nog nie die stand bereik het waar hulle beenhare kon skeer nie. Flou verskonings moes dag na dag deur die adelstand aangehoor word:
Adellike: "Standerd ses, hoekom is jou beenhare geskeer?"
Oenga-Boenga: "Jammer, magistra, maar myne was swart."

Wonder bo wonder is daarin geslaag om bloed uit 'n klip te tap en die barbaarse Oenga-Boengas is toegelaat om hulle by die laer geledere van die Affie-Ryk aan te sluit.



**Die "Pilditch"-polka**

**Die hoofprefekte en hul kamp ("Smile")**





**Blomme word afgelewer sonder die hulp van "Interflora".**

# Akademie... Kultuur... Tradisie...Akademie... Tradisie..

## Welkome Toevoegings

— Nico Barnard

**Hierdie jaar het Affies nog toevoegings tot die skool se reeds besondere skooldrag. Die eerste hiervan is die akademiese das wat vanaf 10 Februarie beskikbaar is.**

Die reg om hierdie das te kan dra is egter onderhewig aan sekere vereistes.

**1. Akademie**

— 'n Standerd ses leerling kan eers vir die das kwalifiseer gedurende die vierde kwartaal, indien hy vir die vorige drie opeenvolgende kwartale 'n gemiddeld van 80% en hoër gehandhaaf het.

— Standerd sewe tot tien **leerlinge kwalifiseer as hy** die vorige jaar akademiese erekleure gekry het. Dit beteken dat die leerling vir die vorige jaar 'n gemiddeld bo 80% **gehandhaaf het. Hierdie** vereistes tree vanaf 1991 in werking.

**2. Olimpiade**

'n Leerling wat onder die eerste tweehonderd in 'n landswye olimpiade geëindig het, kwalifiseer ook vir die das.

**3. Skryfkompetisies**

'n Leerling kwalifiseer indien hy onder die eerste drie in 'n provinsiale of landswye poësie- en/of prosaskryfkompetisie geëindig het. 'n Leerling kwalifiseer ook as sy skrywe in 'n erkende tydskrif gepubliseer is.

**4. Klubs en Verenigings**

**Aktiewe** dagbestuurslede van enige akademiese klub vir ten minste twee **jaar, kwalifiseer ook** vir die das.

Die tweede toevoeging is eintlik bloot die **herinstelling van 'n vroeë** bekende — die skoolpet. Daar is besluit om tot hierdie stap oor te gaan na 'n petisie wat deur bykans die hele skool onderteken is ten einde hierdie pette heringestel te kry. Mnr Roux het ook **hard beplan om die pette** reg te hê voor die Interhoërbyeenkoms op 20 Februarie.

Affies kan voorwaar **trots wees op hierdie welkome toevoeging** tot sy skooldrag.

## ACSV

— Pierre Lombaard —

**Die Afrikaanse Christen-Studente Vereniging by Affies het net een leuse, nl. "Jesus is Koning".**

Dit is dan ook die doel om die Wonderlike Boodskap te verkondig wat die dryfkrag agter die ACSV is. Hier kan met vrymoedigheid aangeklop word indien hulp of net 'n bietjie aansporing benodig word.

Hier het ons ook geleentheid om in die week nader aan ons Hemelse Vader te kom, en meer van Hom te leer. Ds Jan Steyn van Pretoria-Oos **NG-Gemeente het die kwartaal leiding geneem.**

Ons het die jaar afgeskop met 'n kringleierskamp by die Hoekie net buite Pretoria. Die samesang in die oggende en pouses kom ook stadig maar seker op dreef, so ook die saambid op ander oggende. Almal wat voorheen al by die ACSV was, word aangemoedig om weer te kom, en ook die wat nog nooit by ons was nie. Ander aksies word ook beplan, onder andere die kamp by Winkelspruit van 3 — 10 April, 'n deurnaggie of twee en vele ander!

Mag Jesus Koning bly in elkeen van ons se **lewens.**

## TRUK besoek Affies

— Braam Naude

**Op Maandag, 24 Februarie het TRUK die jaarlikse uitbeelding van die neges en matrieks se voorgeskrewe werke op die planke gebring.**

Die deurlopende tema: "geweld". Hierdie woord, 'n cliché in die hedendaagse samelewing, is egter op 'n heel unieke manier geïnterpreteer sodat die betekenis **wyer en universeel** toegepas kan word.

Geweld is vanuit verskillende hoeke met objektiwiteit beskou en as die grondslag vir die verskeurdheid en geweldkultuur in hierdie onrustige wêreld geïsoleer.

Vertolkende spel van besondere gehalte is gelewer, maar dit was ongetwyfeld een swart bysepeler wat met sy warrelwind-verskynings, die kalklig gesteel het ...

Daar is egter later uit 'n betroubare bron verneem dat sy spel (inderdaad sy hele verskyning) heel onverwags en onbe**plan was. Hierdie inligting kon egter nog nie** bevestig word nie.

## English Alliance

— Pierre Lombaard —

*"I went into the woods because I wished to live deliberately:*

*To front only the essential facts of life, and learn what it had to teach.*

*I want to live fully, and suck the marrow out of life,*

*and not, when I came to die, discover that I had not lived."*

**— Hendry David Thoreau**



— Foto: Danie Bredenkamp —

## Oud-Affies en oud-personeel vier saam die skool se verjaarsdag

*Voor (vlnr): Oom Fritz van der Westhuizen (30 jaar onderwyser aan AHS), mnr Friederick Beyers (1921 — 1924); ds Awie Visser (1926 — 1930); mev Visser, mnr Piet Steyn (1960 — 1970); dr Gert Potgieter (Hoof 1947 — 1963); tant An van Tonder (1949 — 1992); mej Rienie Joubert (1923, dogter van Jan Joubert); mnr Piet Boshua (1944 — 1984); dr en mev Bischoff (Koshuisvader en -moeder in die 60's). Heel agter: dr P Edwards.*



Foto: Danie Bredenkamp

*Tant An saam met 'n vorige hoof, dr Potgieter*

## Twee seuns in T.O.D. Orkes

— Braam Naude —

**Jaco de Wit (hobo) en Jan-Hendrik Kruger (tromboon) het onlangs die skitterende prestasie behaal deur vir die TOD-Orkes te kwalifiseer.**

In musiekkringe is dit ook 'n feit dat die kompetisie vir insluiting in die **TOD-Orkes baie straf is.** Alle skoolleerlinge in Transvaal kom in aanmerking vir die oudisies wat deur die superintendent van Musiek behartig word.

Die orkes, bestaande uit ongeveer 100 lede. In Junie volg optredes in die TOD Musiekfees asook die Staatsteater. Jaco en Jan-Hendrik is dan ook saam met Danie van Tonder vir die Noord-Transvaal Jeugorkes gekies.



*Jaco de Wit en Jan-Hendrik Kruger*
*Fotograaf:* **N Louw**

## Geluk Tant An!

— Wimpie Pieterse

**Drie-en-veertig jaar gelede, toe Affies nog nat agter die ore was, het tant An van Tonder 'n administratiewe pos by die skool aanvaar. Die pos was op daardie stadium uiters geskik vir haar, aangesien sy toe nog na haar kind in die middae moes omsien.**

Deur die jare was tant An elke dag op haar pos. As Affies haar nodig gehad het, was sy altyd bereid om net die beste te gee. As een van die skool se tiksters het sy só 'n belangrike deel van die Affie-leefwyse geword, dat geen skooldag meer verby gaan sonder 'n "Vra gou vir Tant An ..." nie.

Selfs in die eksamen is tant An die steunpilaar wat sorg dat vraestelle sorgvuldig hanteer word.

Affies is werklik geseënd om iemand soos tant An op sy personeelkorps te hê. As daar één persoon is wat 'n Affie ere-toekenning verdien, is dit beslis ons eie, geliefde tant An van Tonder. Sy vier dan ook op 13 Februarie haar sewentigste verjaarsdag by die Affies.

## Fünf Affies in Deutschland

— Charl de Klerk —


**Während der 1991 Dezembergerien waren fünf Deutsche Affies (jetst kalsse 10 Schüler) als Austausch — Schüler nch Deutschland gegangen. Sie heissen Etienne Begemann, Charl de Klerk, Anton Gildenhuys, Jan-Hendrik Kruger und André Swanepoel.**

Der zwölfstündige lange Flug warde viel kürzer gemacht mit einen Bichen Wein und freundlichen Gesprächen mit den Stewardessen. Wir waren in unterschiedenen Dörfern und Stadten bei unseren freundlichen gastfamilien zu Hause geganger. Die Leuter wollte alles wissen von Südafrika und auch in den Schalen waren die Kinder estaunt über ensere "militärischen Regeln." Bei ihren wird niemand zono Beisquel estoetst sein wenn die in der Pause eine Zigarette rauchen möchtest!

Die Höhepunkt des Johnes und der Eerien war natürlich Weihnachten. Es war fremd für uns un die verschiedenen Glauben keven za lernen. Lein Katholischer Gotesdienst war ganz anders für unsere (Baren", aber vir haber alles sehr interessant gefunder.

Wir sind auch viel herangereist und haben veile andere Städte und Dörpen besucht. So haben wir viel von Deutschland wid auch von Europa gesehen. Es gab auch Affies die Gelegenheit hatten um in anderen Zeilen von Europa schifahren zu können, die ein wunderbares Erlebris war.

Diese Ferien waren ein Zeil unseres Lebens die keiner von uns vergessen wird und wir nöchtèn von ganzen Herzen allen Deutschen Schülern raten diese wunderliche gelegenheit za benützen.



*Charl de Klerk, André Swanepoel, Etienne Begemann, Anton Gildenhuys en Jan-Hendrik Kruger.*

## Ons Skoolplaas

— Charl de Klerk

**In 1970 het 'n Boys High — Old Boy, mnr Alec Roberts (matriek 1930), 'n plaas geskenk uit liefde vir sy ou skool. Een van die vereistes van die ooreenkoms was dat die plaas gedeel moet word met Affies.**

Die doel van die Alex Roberts Trust is:

- **Om vriendskapsbande** tussen leerlinge en oudleerlinge van die twee skole te ontwikkel en te bevorder.
- Om dankbaarheid vir alle vorme van die natuur te bevorder.
- Om vriendskapsbande en begrip onder leerlinge, personeel en ander Affiemense te vorm.
- Om jongmense die kwaliteite van leierskap, respek en samewerking aan te leer.

Die skoolplaas word "SHONEMENI" ge**noem, 'n Shongaanse** woord wat beteken: "Die plek van die klein son". Die plaas beslaan 576 morge en is geleë 17,5 km vanaf Waterval-Onder op die Nelspruitpad. Min of meer 'n vyfde van die plaas bestaan uit boomplantasies.

Die geboue, opgerig in 1976 is ontwerp deur 'n oud-Affie en is gebou van plaaslike materiaal. Dit bestaan uit 'n personeel-gastehuis, slaap**kwartiere vir die seuns,** 'n kombuis, spens, voorraadkamer en 'n maaltydarea. In 1978 is R28 000 se plantasie deur 'n vuur, wat op 'n buurplaas ontstaan het, verwoes.

Affies en Boys High is opreg dankbaar vir Alec Roberts se insig in die toekoms en sy goedhartige vrygewigheid en glo die plaas behoort nog meer benut te word.

**Fotograaf van die kwartaal — Danie Bredenkamp**

## Klerebank

*So te sê nuwe skooldrag!*

**Kom koop en spaar!**
**Wanneer?**

Elke Maandag om 13:30-14:00

**Waar?**

Agter op die verhoog in die saal

| Wat? | In voorraad | Verkoopprys | Omruil | Skool betaal |
|---|---|---|---|---|
| Kleurbaadjies | klein-baie, groot-minder | R40 | R5 | R15 |
| Sweetpakke | baie | R40 | R5 | R15 |
| Hemde | grys-baie, wit-skaars | R10-12 | R2 | R6-8 |
| Rugbytruie | min | R20 | R3 | R8 |
| Truie | baie | R14-16 | R2 | R6-8 |
| Dasse | min | R8 | R1 | R3 |
| LO-Frokkies | redelik | R10 | R1 | R5 |
| Langbroeke | baie | R16 | R2 | R8 |
| Kortbroeke | baie | R10 | R1 | R5 |

# Die samesmelting van AHM en AHS?

— Margarethé Jordaan

**Jare gelede het daar by mnr Jan Joubert en ds Chris Neethling die ideaal ontstaan om 'n skool in Pretoria te stig, waar die Afrikaanse kinders in hulle eie moedertaal onderrig kon ontvang en waar hulle in 'n Afrikaanse atmosfeer kon opgroei.**

Op 28 Januarie 1920 is hulle ideaal verwesenlik en is die Afrikaanse Hoërskool in die woonhuis van Generaal Piet Joubert met 44 leerlinge geopen.

Reeds in 1930 was daar soveel leerlinge dat daar twee skole ontstaan het, naamlik die eerste Afrikaanse Hoër Meisieskool van Suid-Afrika en die Afrikaanse Hoër Seunskool.

Tot vanjaar het dié twee skole apart gegroei en in 'n groot mate het die skole in hulle groei tot selfstandige skole, ook weggegroei van mekaar.

Dit is nie te betwyfel dat hierdie twee skole kragte is om nie rekening te hou nie. Die vraag ontstaan nou: waarom smelt ons nie weer saam nie?

Dalk sê jy nou dat dit vir alle praktiese doeleindes onmoontlik is. Nee, tog nie. Indien daar tweespalt sou kom oor die aanneming van 'n betrokke model, kan daar twee skole met verskillende modelle wees. Anders kan standerd 6 tot 8 saam in een skool wees en standerd 9 en 10 in die ander skool.

Daar is baie argumente ten gunste van samesmelting, waarvan die belangrikste waarskynlik is, dat 'n mens in die Nuwe Suid-Afrika nie die luuksheid van enkelgeslagskole kon bekostig nie.

Die grootste rede is egter dat ons twee skole as een, sterk en groots kan wees en al ons verskille kan laat vaar en as een man (vrou!) saam kan staan.



Foto: Ed Venter

# Wat sê die Affies van Klereparades?

— Ria Potgieter

**Waaraan laat klereparades jou dink? Dalk aan Vergeldings-Donderdag? Of 'n uitsonderlike gebeurtenis wat slegs plaasvind as niemand aan iets beters kan dink om in voogperiode te doen nie?**

Na 'n meningspeiling onder 'n aantal Affies, is daar egter bevind dat 73% voel dat die uitsonderlike gebeurtenis nie meer gereeld herhaal moet word nie.

'n Skrale 7% van die persone wat gevra is, voel dat klereparades noodsaaklik is en dieselfde persentasie meen dat dit weekliks gehou moet word. 55% is bereid om te erken dat klereparades nodig is. Dit laat natuurlik 38% wat voel dat dit BELAGLIK is!

Toe die doeltreffendheid van Affies se klereparades onder die soeklig gekom het, is daar bevind dat die meerderheid voel dat klereparades ondoeltreffend is. Dit is egter interessant dat 47% voel dat party Affies se kleredrag tog agteruit sou gaan sonder die klereparades. Die meerderheid Affies was beslis dat klereparades hulle nie aanspoor om hul naels meer gereedl te knip en so meer nie, maar 34% voel dat hul spesifiek op sekere punte let wanneer hulle 'n klereparade verwag.

Dit is dus die klereparade-realiteite wat in oënskou geneem moet word. Aangesien niemand — Annie inkluis — aan 'n beter idee kon dink nie, blyk dit dat die enigste uitweg is om die "status quo" te handhaaf — daar is ongelukkig nie 'n model C vir klereparades nie!

# Ontevredenheid oor die St 9-sluitkassies

— Marelie du Plessis

**Dit is al 'n hele ruk dat 'n mens talle gerugte van klagtes oor die st 9's se sluitkassies hoor. Die gerugte het gelui dat die st 9's ontevrede was oor die feit dat hulle sluitkassies in die badkamer geïnstalleer is. Stroom-Op het 'n opname gedoen om uit te vind hoe almal daaroor voel.**

Die volgende het met hierdie opname aan die lig gekom: 70,21% is teen die plasing van die sluitkassies en slegs 6,04% is tevrede daarmee.

73% van die ontevrede leerlinge se beswaar is dat daar omtrent geen klasse vir die st 9's in die rigting van die sluitkassies aangebied word nie.

'n Mens moet dus 'n ver ompad loop om by jou kassie uit te kom. 67% voel dat daar heeltemal te min plek is en 36% meen die badkamers word te laat oop en te vroeg toegesluit. Van al die leerlinge met sluitkassies, gebruik 51,1% hulle kassies minder na die verskuiwing vanaf die oorspronklike plek.

Indien julle wonder waarom party st 9's deesdae so nors is — daar is bevind dat 67,4% van die leerlinge geïrriteerd raak as hulle by hulle kassies in die badkamer is! Slegs 11,6% bly kalm!

Daar is talle oplossings voorgestel, waaronder die verskuiwing van die kassie die gewildste was (die plek: die afdak onder die K79-Biologieklas.

Party st 9's voel dat hulle naas die Matrieks die mees senior standerd in die skool is — hulle sou dit waardeer het as hulle om 'n mening genader is by die keuse van die kassies. Ander voel dat die st 6'e en st 9's kleedkamers moet ruil. Een benoude st 9 skryf: "Ek het die aakligste kassie van almal, heel onder in die hoek. Ek wil net 'n kassie hê een waarvan die deur oop kan gaan en waar daar meer plek is sodat ek voor dit kan staan!"

Dit is duidelik dat daar 'n probleem is. Die vraag is nou net: is daar 'n moontlikheid dat die probleem opgelos kan word, of gaan elke jaar se groep st 9's ontevrede wees met die plasing van hulle sluitkassies?



# Oud-Affie van die Kwartaal REGTER PJ VAN DER WALT

**Petrus Jacobus van der Walt is op 31 Mei 1930 in Kaapstad gebore. Sy skoolopleiding ontvang hy deur die Bloemhof Hoër Meisieskool, Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch en Laerskool Pretoria-Oos. In 1946 matrikuleer die regter aan die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria met uitstaande akademiese prestasies.**

As leerling blink hy nie net akademies uit nie, maar ook op sportgebied. Hierdie veelsydige sportman speel in die eerste tennisspan, swem vir die skool en speel ook rugby. Na die voltooiing van sy skoolloopbaan, skryf hy in 1947 aan die Universiteit van Stellenbosch in vir 'n BA-graad en voltooi in 1951 die LL B.-graad.

Tydens sy universiteitsjare gaan hy tuis in die bekende Wilgenhof. In 1954 keer hy ook terug na Stellenbosch vir 'n nagraadse studiejaar.

Regter Van der Walt het vanaf 1952 tot 1953 sy prokureursklerkskap by die prokureursfirma Rooth en Wessels in Pretoria gedoen. Na sy nagraadse studie word hy in 1954 tot die Balie toegelaat en begin op 2 Januarie 1955 as lid van die Pretoriase Balie praktiseer. Van 1957-1958 is hy ook 'n deeltydse buitemuurse dosent in Romeins-Hollandse Reg aan die Universiteit van Pretoria, en later ook eksterne eksaminator. Hy is ook 'n eksaminator in Siviele Prosesreg by die Universiteit van Suid-Afrika vanaf 1957 tot 1968.

Vanaf sy aanstelling as Senior Consultus in 1976, maak hy vinnige opgang: op 1 Desember 1976 word hy Waarnemende Regter en vanaf 1 Maart 1977 Regter van die Transvaalse Provinsiale Afdeling. In Augustus 1979 word die dinamiese man as Waarnemende Advokaat-generaal aangestel. Hierdie amp beklee hy bykomend tot die pligte wat hy as regter verrig.

In 1991 word die ampstitel Advokaat-Generaal gewysig tot Ombudsman van die Republiek van Suid-Afrika. Sodoende word Regter PJ van der Walt **Suid-Afrika se eerste Ombudsman. Afkomstig van 'n** Sweedse woord, beteken Ombudsman, direk vertaal, verteenwoordiger, agent. Selfs in Oosterse en Oosblok-lande is Ombudsmanne teenwoordig.

Die funksie, in kort, van 'n Ombudsman, is om as buffer tussen landsburgers en die regering op te tree, **met ander woorde om beweringe van ombillike gedrag of** bedrog wat deur die publiek teen die staat of staatsinstellings gemaak word, te ondersoek.

Van sy skoolloopbaan op Affies kan die gerespekteerde Affie duidelik onthou hoe die prefekte en matrikulante gepoog het om die kleredrag verander te kry, as Afrikaners wou hulle nie afsteek teen hul Engelse eweknieë van Boys' High of CBC nie. Hulle was ook **die laaste matriekgroep wat mnr Frank (Pa) le Roux as hoof gehad het.**


**Ongeag 'n veranderende Suid-Afrika, is Regter Van** der Walt van mening dat Affies as tradisieryke, unieke en kultuur-geöriënteerde skool sal kan bly voortbestaan. Affies se tradisies sê nie net iets van die leerlinge nie, maar ook van die instelling wat dit is.



Hy is op 17 Desember 1956 met Regina de Jager, 'n oud-Tukkie en Pretorianer, getroud. Vier seuns is die volgende geslag. As gesin is hulle baie lief vir die natuur en buitelewe, veral die Bosveld. Lees en die bestudering van voëls is ook 'n groot liefde. Maar, soos elke teenstaander van die Blou Bulle wat al op Loftus gespeel het jou sal kan vertel, het ons hier 'n stoere Blou Bul-ondersteuner.

Regter Van der Walt se boodskap aan die Affies is om hard te werk en hul te bekwaam — dit sal vrugte afwerp. Ook moet 'n mens belangstel in mense en bereid wees om te dien. Slegs deur te kyk wat jy in die lewe kan insit, en nie uitkry nie, sal bevrediging en geluk volg.


## Dr Simon Brand



Met die daad van dr Simon Brand in Januarie 1992 het die Afrikaanse Hoër Seunskool een van sy grootste oudleerlinge verlaat. Hoewel hy internasionaal roem as ons naam verwerf het, het hy altyd nederig en beskeie gebly. Dr Brand sal veral onthou word as iemand wat sy Christenskap daarop gestel het.

Oor sy liefde vir Affies was daar nooit enige twyfel nie. Met sy eerste salaristjek het hy 'n skoolkleurbaadjie in plaas van 'n universiteitsbaadjie aangeskaf. Boonop is hy met 'n oudleerling van AHM getroud en al hul kinders het hul loopbane op Affies voltooi.

Sy heengaan het 'n leemte gelaat wat moeilik gevul sal word. Ons innigste simpatie aan die gesin en familie. Affies sal hom nie vergeet nie.



*Mev Otto is op 2 September 1987 by Huis Frank le Roux aangestel as linne-matrone nadat sy 36 jaar by Perskor as sekretaresse gewerk het. Sy het oorspronklik Affies toe gekom om naby haar kleinkinders (in Meisieshoër) te wees, maar het gou lief geword vir die koshuisseuns.*

*Affies wens haar geluk met haar aanstelling as nuwe hoofmatrone vanaf die begin van 1992, en wil haar alle voorspoed in haar nuwe pos toewens.*

## *Koshuistannies*



*Mev Pelser is vanaf die begin van die jaar by Huis Frank le Roux aangestel as linne-matrone. Dit beteken dat al die seuns se wasgoed en vuil beddegoed deur haar hanteer word, 'n baie belangrike funksie in die koshuis.*

*Voordat sy Affies toe gekom het, was sy vir 8 jaar verbonde aan die dameskoshuise van die Potchefstroomse Onderwyskollege, maar sy het, na sy die advertensie vir die pos by Affies in die koerant gesien het, besluit om die sprong na 'n seunskoshuis te maak. Sy sê sy was nog glad nie spyt oor dié besluit nie.*

*Ons heet haar welkom hier by Affies en hoop sy sal nog baie aangename jare hier deurbring. Ons is seker sy sal vinnig deel uitmaak van die menigte Affie-hangers.*

## Mnr Koos de Wet

Ongelukkig moet ons aan die einde van April 1992 afskeid neem van mnr JJ **de Wet, Superintendent van Onderwys (Kring). Affies het mnr De Wet leer ken as iemand wat die belange van elke kind op die hart dra. Ons is spyt dat hierdie aangename verbintenis tot 'n einde kom, maar ons wens mnr De Wet 'n welverdiende rus toe. U sal altyd welkom by Affies wees!**



# Appelkas ma's

— SJ de Beer Hoofseun

**Soos in die verlede, lewer ons ma's groot en onbaatsugtige diens in ons Appelkas.**

Hulle sorg dat ons sportmanne van die nodige kos en ander versversings voorsien word — miskien is dit die oorsaak vir ons sukses op die sportveld! Tydens byeenkomste sien ons hulle werk en opoffer sonder enige vergoeding.

Namens alle Affies bedank ons die ouers wat soveel tyd en belangstelling in ons toon. U optrede maak ons nog trotser en om as Affies geken te word.

# Redaksie

**Redakteur:** Johan O'Kelly.
**Sub-Redakteurs:** Johan Nel (Sport), Braam Naudé (Kultuur).
**Redaksielede:** Nico Snyman, Nico Barnard, Charl de Klerk, Ulrich Kotzenberg, Craig Franklin, Robert Wilke, Wimpie Pieterse, Pierre Lombaard, Jacques Fourie.
**Fotograwe:** Klaas Louw, Danie Bredenkamp, Dawid Louw.
**Spotprentekenaar:** Tienie van Rooyen.
**Redaktrise:** Anina Boshoff.
**Sub-redaktrises:** Therese Bentum, Corlie Schumann.
**Redaksielede (St 10): Marika Botha, Margarethe Jor**daan, Talitha Bertelsmann, Annie Malan, Christel Wolmarans, Michelle Buchel, Esther Venter, Sunelle Swanepoel, Amelia van der Merwe, Elrica de Kock.
**(St 9):** Marlie du Plessis, Franél le Grange, Marga van der Merwe, Melanie Riding.
**(St 8):** Hanlie du Plessis, Ria Potgieter.
**Spotprente:** Annalene Kammer, Idalette du Plessis.
**Fotograwe:** Anina Boshoff, Karen Zeeman, Marleen Zarrabi, Leani de Kock.

## Daar word geskiedenis gemaak in Affies as ...


— Mev Dorey ons verdaag voordat die laaste klok gelui het;
— Mev A du Toit nie sê dat ons moet staan voordat sy ons gegroet het nie;
— 'n Voogperiode verbygaan sonder dat mev Mieta van Vuuren iets gehad het om te sê;
— Mej Crous langer as vyftien minute saal hou;
— Mej du Plooy of mev Dorey afwesig is;
— Mej Venter "besonder" ipv "biesonder" sê;
— Mev Jessen ons nie stilmaak in die saal nie.

## Oor "BIG Julie" en die ander personeel





*"Gezundheit!"*




*Mej Holtzhausen en mej Steijn in hul afwesigheid ...*


# "UNDER DA SEA: Everything's betta dere where it's wetta!"

**"Enchantment under the sea" het veroorsaak dat:**

— Marika nooit weer die see wil sien nie;
— Die "Princes of Tides" van oorkant die straat nie kan onderskei tussen 'n "wet suit" en 'n "tuxedo" nie;
— Die meisies nou kan "cha-cha", maar wat van die seuns??
— Meer en meer liefdesdriehoeke ontstaan het;
— Ulrich skielik ritme gekry het;
— Baie meisies nie eintlik **weet saam met wie hulle op die ou end gaan nie;**
— Die st 9-meisies nou al reeds leer "cha-cha" het, maar wat van die seuns;
— "Health and Raquet club" oorloop;









*"I am the one and only!"*


*"AS EK JOU NET EEN JAAR VROEËR ONTMOET HET!"*






*Hierdie uitrusting kort nog net 'n "stetson"!*




*Wat? Geen ekstra wiskundeklas vanmiddag nie? Agge nee!*



*OOPS!!!*




*As die pers ons tog net een keer wil uitlos!*






*Ma! Hy raak vatterig!*




**Coin Security**

*Gym Instrukteur*
*Gerrit "Biefstuk" Maré*


*Wasbeertjie en sy Koala*


**Hoesit!**


Vraag aan Peter.
"Is jy ANÇ of Inkatha?"
"Ek is Peter!"
ÓF HOEDJIES ÓF KOS
WATER ...!!!
KAN IEMAND SOVÉÉL EET?
GESENSOR!
Ek wil dit liewer nie sien nie!
"TJEERS!"
"RAAI WIE HET HULLE SWEMKOSTUUMS ONTHOU"

**SOSIAAL... SOSIAAL... SOSIAAL... SOSIAAL... SOSIAAL**

# En hét SJ nie goeie betrekkinge met die Meisieskool nie.








Foto: Danie Bredenkamp

## Koorkamp '92

— Franél le Grange

**Die Affiekoor het hierdie koorjaar op 'n hoë noot begin. Al toonleer ons nou op of af hierdie jaar, 'n goeie begin stuur af op 'n "majestioso" einde!**

Ons was die gaste van mnr en mev Botha op hulle pragtige plaas in die **Kameelfonteinomgewing. As daar seker een luukse is wat definitief waardeer is, was dit die swembad! Daar is van die oggend tot die middag tot middernag geswem... en waatlemoenfees gehou.**

Tussendeur het ons darem geoefen. Saterdag moes ons ons bes probeer met atlete en toeskouers wat gekom en gegaan het. Stywe rûe en musiek wat teen die aand na musiek begin klink het, was genoeg bewys van 'n goeie dag se werk. Na die werk het die speel gekom, of hoe, juffrou Luré?

Die juffrouens het beslis hulle hande vol gehad met die "kleuters" wat met poppe, doeke en vlegsels opgedaag het vir die "Kindergarten"-parade. Die kleuters het taai hande geklap vir die dogtertjie met die "kortlyfrok", vir Nora en vir Buksie wat "ok van Nora hou" en skaam haar hand gevat het.

Die kampkonsert was 'n reusesukses met "Mielie Malie", "Aowa Arwa", 'n "musical" vir die "matrieke", 'n drama of twee en 'n boodskap vir elke standerd.

Voordat ons Sondagmiddag vertrek het, het iemand 'n hoofbesering opgedoen, in die haas het iemand 'n lamppaal 'n bietjie van vorm laat verander mbv die bussie, 'n uitkenningsparaderekord is opgestel, 'n paar teelepels was soek en (ongelooflik!) al Jacoba se "doughnuts" was verkoop!

Dit was 'n spesiale kamp en ons sien uit na 'n spesiale jaar. Almal is opgewonde — vanjaar mik ons om ons hoogste noot te bereik!

## *Stel jou voor, St 9:*

Michael sonder Anne-Marie
Stephen sonder Corina
Pierre sonder rooi hare
**Smokey met 'n kort kuif**
Andries sonder beenhare
White met swart hare
Lou sonder die noodhulpklub
Shires eerste met 'n 100 m
David sonder 'n kamera
Franklin sonder 'n akademiese das
Hermie met 'n een jaar skoolbesoeksertfikaat
Britz met steil hare

## St Agt Sosiaal

— Hanlie du Plessis

**Na 6 Maart se st 8-sosiaal, kan ek aan ten minste één ding dink waarvoor ons almal JA sal stem — nog sosiale!**

Die eerste Vrydag in Maart, was iets waarteen byna elke st 8, aan albei kante van die straat opgesien het. Toe die middag aangebreek het, was almal eers maar bra sku vir **mekaar, maar die apart**heidsbeleid tussen meisies en ouens het bitter gou verdwyn.

Dit was nie lank nie, of almal was in spanne opgedeel. En soos mej Mulder kan organiseer, het almal op een stadium "volleyball" en toe weer sagtebal gespeel. Verder was daar genoeg eetgoed vir elkeen wat daar was — die meisies moes natuurlik weer daarvoor reël!

Van braai het daar egter nie veel gekom nie. Tog het die gesels en gekuier ten volle daarvoor opgemaak. Nie net was dit gou duidelik dat die st 8's die beste gees het nie, maar beslis ook 'n paar van die hardste stemme in die skool!

Toe ons teen 17:30 Vrydagmiddag weer moes huis toe gaan, was daar 'n glimlag op elke gesig en was almal jammer dat dit so gou verby was!

Ons sê NEE vir minder sosiale!

## Koor

— SJ de Beer

**Groot beplanning is reeds gedoen vir die program wat vir Affies se koor voorlê in 1992. Daar word voorwaar hoë verwagtinge gekoester en slegs tyd sal die sukses daarvan bepaal — tyd en oefening (veral oefening).**

Daarom het die koor die naweek van 7 Februarie 'n kamp bygewoon om veral die wiele van die oefenaspek van sukses aan die rol te sit.

Na 'n lang "gespook" by die atletiekbyeenkoms te Waterkloof kon die atlete en ander ondersteuners hul ook aansluit by die res van die koor wat teen 02:30 (dis in die oggend) reeds hul eerste oefensessie voltooi het.

Die kamp is gekenmerk deur min slaap en natuurlik die instudering van note. Die ma's was oudergewoonte op hul pos om die kospotte aan die kook te hou. Mejj Botha en Van Loggerenberg het ook vir tannie **Elly en die ander tan**nies gehelp.

Spesiaal vir die sesse wat hul eerste Affiekamp beleef het, het die koorbestuur besluit om die ouers vir 'n ete op die Saterdagaand oor te nooi. Dr en mev Edwards het ook die aand saam met ons geniet. Danksy goedgesindes aan die hoof, het **mnr Dreyer nie 'n kans** gekry om dr Edwards 'n swemles aan te bied nie.

Mnr Du Plessis en Dreyer asook die lede van die koorbestuur het egter daarna 'n gratis swemles gekry. Die kamp is afgesluit die Sondag met skriflesing en gebed op een van die kranse met die pragtige uitsig van die distrik in die agtergrond.

Die koor neem weer hierdie jaar deel aan die strawwe Direkteurstrofeekompetisie, waarby ons verlede jaar as naaswenners uit die stryd getree het.

Die koor neem ook deel aan verskeie koorfeeste en kunswedstryde. **'n Beoogde toer na Grey-Kollege** is ook reeds gefinaliseer en ons sien met groot verwagtinge daarna uit.

## Affie-kunstenaars word ook nou gepik deur Mamba-pryse

— J Roux

**Soos dit kunstenaars betaam, word tradisionele metodes van prysoorhandigings en wedstryde deur die groep bevraagteken.**

Mnr Roux het dit goed gedink om aan Affiekunstenaars pryse vir die beste en swakstes aan te kondig.

Volgens Braam Kruger se kriteria, "Daar bestaan nie so 'n ding soos 'n regverdige wedstryd nie, die Mamba-pryse is ook geheel en al onregverdig" — is die pryse bepaal;

1. Belowendste kunstenaar — Gertjie van Schalkwyk;
2. Mees Intellektuele kunstenaar — Morné van der Merwe;
3. Mees Konstante Werk gelewer — Bossie Swanepoel en Dewald Els;
4. Word Wakker Prys — Corné Wessels;
5. Alles Behalwe Kunsdoen Prys — Martin Potgieter;
6. Troosprys — Jurie Wessels;

## Hoe spel 'n mens liefde?

— Robert Wilke

**Hoe spel 'n mens liefde. 14 Februarie 1992 ...**


Vurige kaartjies, sjokolade en geheimsinnige boodskappe was aan die orde van dié dag, en natuurlik nog vele meer ...

Menige verveelde Affie se dag was opgevlam by die ontvangs van 'n kaartjie van 'n bewonderaar. Met die oorhandiging van die geskenke en natuurlik die soene, kon 'n mens duidelik sien dat daar iets agter daardie einste soen skuil.

Dit was 'n gesukkel om die seuns van hul perdjies te laat af klim, en natuurlik moes die alledaagse dinge van skoolgaan ook weer begin.

**Dit het ook groot** moeite van die onderwysers gekos, om die seuns by die werk betrokke te hou, want wie wil nou van osmose op so 'n mooi dag leer.

*St 6'e tóé en nou.*








*Oenga-Boenga-haarstyl en -keppie.*



*"Hoekom kan ons nie meer elke dag keppies dra nie?!"*






*Mnr Fris Chris wys hoe 'n plesier gimnasiumuitsweet is ..*

# Die St 6'e wys wat in hulle steek

— Braam Naude



**In Affies het die term "Affie-skop" lank gelede al sinoniem geword met die Groentjiekonsert. Op hierdie geleentheid word die skaam, bang standerd Sessie letterlik "aangeneem" deur Affies wanneer hy sy das en baadjie ontvang.**

Daar is besluit om 1992 se Groentjiekonsert se gehalte te verhoog en iets spesiaals te maak. Dit het tot gevolg gehad dat alle clichés en items van vorige jare, óf van swak gehalte, nie toegelaat is nie en dat slegs die beste en oorspronklike items toegelaat is om op Vrydgaande, 24 Januarie opgevoer te word.

Vrydagaand se program het afgeskop met skriflesing en gebed, waarna Johan Nel verwelkomings gedoen het. Dit is gevolg deur die voorstelling van die standerd ses personeel aan die ouers deur dr Edwards.

Die items het bestaan uit 'n stuk of sewe, almal van 'n hoë standaard. Items wat egter vir hul uitstekendheid onthou sal word, was 'n klaviersolo deur Jean Redelinghuys, "Tekkies" en 'n blokfluititem gelewer deur Allen Sin.

Die taak van die seremoniemeester is vervul **deur Neil van der Walt.** Die program is afgesluit met 'n sangsolo deur Jo**han Nel onder guitaar**begeleiding van Nico Snyman.

Die hoogtepunt van die aand was die aantrek van elke standerd ses se saadjie en die aansit van sy aas.

Die erekode is hierna **deur SJ de Beer voorge**lees en die Skoollied is gesing. Terwyl die ouers die saal verlaat het, is die **"Affie-boys" ooreenkom**stig met Affie-tradisie gesing.




# AHS Dirigente

— Nico Snyman

**Affies het hierdie jaar sewe puik dirigente op interhoër gehad. Net hulle "rasta" skoolklere was hulle definitief die besgekledes!**

Almal het groot geskrik toe die tafels waarop hulle gestaan het, vroeg die ôggend gebreek het en Bossie hospitaal toe moes gaan vir steke.

Die dirigente het egter nie dat dit hulle onder kry nie en het onder die leiding van André Cilliers daarin geslaag om die skool die hele dag bymekaar en opgesweep op die pawiljoen te hou. Die sewe dirigente was (in geen volgorde van prioriteit nie!):

**Andre**

Hy was hoofdirigent (definitief nie die onderwysers se keuse nie) en het die dag bewys dat die "Crims van die skool" (soos hy homself noem) ook dikwels ware Affies is.

**Bossie**

Ook nie altyd die onnies se gunsteling nie. Na 'n vrugtelose veldtog om hoofseun te word, het Bossie hierdie jaar besluit dat hy sal "settle" vir dirigent. 'n Wyse besluit. Hy het na sy ongeluk die oggend half duiselig met 'n horde steke in sy mond teruggekom om verder te dirigeer.

**Graeme**

Die oudste onder die ou manne. (Die helfte van ons dirigente is oud genoeg om getroud te wees). Hierdie dirigent het met sy wysheid van jare die heel dag kalm gebly. Ek mag egter nie sê wat hy die volgende aand gedoen het nie ...

**Fairbanks**

Daar word dikwels gesê dat dit die gene van sy voorvaders is wat sy hare so laat krul, maar 'n mens wonder of dit ook is waar hy sy energie vandaan gekry het. Ek is seker dat dit baie energie gevat het om heeldag so rond te spring. En sy reëndans het darem uiteindelik die aand 'n paar druppels gebring.

**Ulrich**

By die interhoër was Ulrich se hare net so kort soos sy verstand ... nie werklik nie! Hy het hom goed van sy taak gekwyt en die hele dag in die son gestaan en skree, en dit sonder enige betaling ...

**Rudi**


Na sy val die oggend, het Rudi die middag met 'n gebreekte neus gedirigeer. Hy was die enigste prefek tussen die dirigente, maar dit lyk nie of hy enige inhibisies gehad het nie. Miskien was dit nodig om iemand soos hy te hê om die manne terug te hou wanneer die bloed warm geraak het.

**Gertjie**

Laaste, maar nie die minste nie. Dit vat baie van 'n man om dit met sulke dun beentjies op 'n wankelrige tafel te waag. Dit lyk nie of dit vir Gertjie gepla het nie, maar die matrieks het dit beslis raakgesien.

Die Affies wil die dirigente bedank vir hulle skitterende vertoning en harde werk voor en tydens die Interhoër.

Ons weet almal in ons harte dat ons verdien het om die geesbeker te wen.



# André Cilliers vang die kalklig

— Dit is nie aldag dat die sluipers kans kry om hierbo te praat of hulle mening te lug nie.

— Ek sal net gou graag 'n Straaltjie met julle wil deel, dit sal regtig nie lank vat nie!

— Daar was nog nooit 'n beter gees in 'n skool in my 15 jaar van skoolgaan nie.

— Ek sê nie ons moes die gees gewen het nie, want almal het klaar so gesê. Hoekom moet ek my kosbare donkie-longe laat harder werk om dit vir die 1000ste keer te sê?

— Ek wil net graag vir julle dankie sê dat julle so mooi saamgewerk het. Julle was regtigwaar wonderlik. Dit was nie maklik nie, want die verandering in weersomstandighede het almal deurmekaar gemaak en dit het alles baie bemoeilik.

— Ek wil (dan net) julle gelukwens, want julle het reggekry wat geen skool nog ooit reggekry het nie. Daar was nog nooit 'n skool wat 'n reëndans gedoen het nie, in 'n bestek van 'n paar uur, het die dans sy vrugte gepluk en die reën het oor ons neergedaal, soos manna.

— Ek sal dan net van die geleentheid gebruik wil maak om julle geluk te wens. Julle het regtigwaar hoogtes bereik, wat nie laag was nie. Ons het ver bo die ander skole uitgestyg, ons het amper soos die "challenger" gelyk, ons het gelukkig nie ontplof nie

— Laastens sal ek net graag die onderwysers **wil bedank en prys. Dit** het lank gevat om te besluit of die prys nie te groot is nie, maar ons het besluit dit is nie, want netnou voel die onderwysers soos wurms. Ons gee vandag net tot 1:40 nm, al die onderwysers af!

*Graeme vang ook die kalklig, sy toespraak word toe gesteel ... Jammer... Ons sal jou weer laat optree.*

*Baie dankie aan mev Potgieter en mnre Roux en Du Plessis vir die harde werk. Laaste, maar nie die minste nie, baie dankie aan elke Affie waarsonder "die Affie-wa nie deur die drif sou kom nie."*

# A1, St 6'e, A1!

**Tydens die nasien van die standerd sesse se vraestelle, het dit aan die lig gekom dat van hulle oor meer feite aangaande die skool beskik as die deursnee-Affie.**

(Vraag, korrekte antwoord, standerd sesse se antwoorde).

1. Watter sekretaresse is **die langste aan Affies** verbonde?
— (Tant An), Tannie Sannie, Tant Saar, mev Potgieter.

2. Hoekom was Pa le Roux in die tronk? (Rebel)
— Hy wás 'n rebelse tiener.
— Hy het gedrink en 'n kind geskors.

3. Watter oud-Affies is tans in die kabinet? (min Magnus Malan, Viljoen)
— Frik Joubert, mnr Pur**chase, mnr Kruger.**
— Eugene Terblanche, Andries Treurnicht.

4. Waar is die skoolplaas geleë?
— (Waterval-Onder.)
— Langs die saal, op die A-veld.

5. Na wie is die boonste koshuis vernoem? (Pannevis)
— Pan-in-'n-vis.
— Huis Paddavis.

6. Wat is 'n ander naam vir die snoepwinkel? (Appelkas)
— Die Vrugtetuin.


7. Hoe moet jy, in een woord, teenoor dames optree soos 'n ...?
— ("Gentleman".)
— Busbestuurder, 'n rot.


8. **Wat is 'n troetelnaam** vir Affies se eerste span?
— (Die Wit Bulle.)
— "The Spikes", die katvoete.

9. Wie was die stoute Affie wat deur mnr Lubowski uit die klas gegooi is en wat het hy gedoen?
— (Hendrik Schoeman. Hy het mielies geplant.)
— Regter Van der Walt, hy het geverf.

10. Waar is Affies gestig? (Visagiestraat)
— By die Afrikaanse Hoër Meisieskool op die skoolplaas.

**Standerd 6 snik-en-snuif groep te huur vir trane**
**Kontak: Mev M Coetsee, Mej E van Loggerenberg**
**(Wiskunde Departement)**






**Kan dié duik óók Wiskundig bereken word?**

Mnr Karel Kriek doen baanbrekerswerk vir praktiese Wiskunde. Op dae wat SA Wêreldbe**kerkrieket speel, verskuif** sy Wiskundeklasse na sy M-Net kodeerder ... Sy mening dat die uitwerk **van die lopietempo baie stimulerende** "Wiskunde-oefening vir leerlinge is, is besig om veral in Affies baie veld te wen.

**Ondersteun**




**Ma — Do:**
**13:40 — 14:00**

*'n "hotdog" +*
*'n blikkie koeldrank*
**R,200**

*sjikolades*
**80c**

# SPORT... SPORT... SPORT... SPORT... SPORT

# Die Wit en Bloues doen dit weer!

— Marelie du Plessis

**1992 was voorwaar weer 'n skitterjaar vir Meisieshoër se atletiek! Op 17 Januarie is daar met Interhuis afgeskop. Talle nuwe items is vanjaar ingestel en die rekords het behoorlik gespat. Suzanne Cullen is as junior Victrix Ludorum en Marlie Basson as senior Victrix Ludorum aangewys.**

Deur die volgende weke is daar goed met groot name soos Brits, Ermelo, Waterkloof en Randburg afgereken.

Interhoër het op Donderdag, 20 Februarie, plaasgevind. Van die begin af was daar 'n kop aan kop stryd tussen Affies en Oos-Moot, 'n buiteperd uit die vorige jaar se B-Bond. Die puntetelling voor die aflosse het nog geen aanduiding gegee van wie die kampioene sou wees nie.

Die aflosse was dus 'n stryd soos nooit tevore nie. Die Affies het soos Springbokke genael en die atlete het die stokkies elke keer soos 'n geoefende masjien oorgegee. Dit is dus nie verbasend dat drie van die vyf aflosse gewen is nie. Aan die einde van die dag was Meisieshoër weer eens die wenners van die A-Bond se dogtersafdeling.

Die puntestand van die eerste drie skole was as volg:

| | |
|---|---|
| AHM: | 379 |
| Oos-Moot: | 367 |
| Waterkloof: | 339 |

Met die direkteurstrofee-uitdunne, het dit voor die wind gegaan. Affies het stof in almal se oë geskop en die Noord-Transvaalse wenners geword. Die puntetelling van die eerste drie skole was soos volg:

| | |
|---|---|
| AHM: | 260 |
| Menlopark: | 211 |
| Waterkloof: | 182 |

Skitterprestasies is tydens die bg byeenkoms gelewer. Die volgende leerlinge het almal eerste plekke behaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mia Gerdener | o/15 | 80m hekkies | 12,29s |
| Annette Hartman | o/15 | gewigstoot | 9,88m |
| Anthia Cronje | o/16 | 100m hekkies | 15,17s |
| | | 300m hekkies | 44,03s |
| Anel van Niekerk | o/16 | 100m | 12,44s |
| | | 200m | 24,7 s |
| | | Aflos | 49,1 s |
| Marlie Basson | o/17 | 1 500 m | 4:40,5s |
| | | 800m | 2:16,2s |
| Magdel Gerdener | o/17 | 100m | 12,63s |
| | | 400m | 58,06s |
| Jacqueline v Eeden | o/17 | Hoogspring | 1,65m |
| Susan Toerien | o/17 | 400m hekkies | 63,88s |
| | o/17 | Aflos | 49,3s |
| Marnette v Jaarsveld | o/19 | Skyfwerp | 30,62m |

'n Uitstaande kenmerk van Meisieshoër se span is dat hulle saam as 'n eenheid funksioneer en nie op enkele persone se louere rus nie.

Affies bedank graag al die Wit-en-Blou-atlete en hulle afrigters vir hulle harde werk en sportmangees reg deur die atletiekseisoen. Ons is trots op julle!



*'n Deel van ons Wenspan.*

*Die beste dirigent!*




*Ek sien haar juig... (kaalvoet in die reën, dalk?)*



*Jeanne Els het ALWEER 'n swembad vol medaljes by die Noord-Transvaalse lewensreddingskappe losgeswem!*






*Almal se voete kan seer word ..*



*Ons dirigente.*



*Amelia van der Merwe en Ronel Spijkerman was hierdie jaar sewende in die landswye Meesterstennistoernooi!*



*Natasha Crous het springbokkleure in karaté verwerf. (Oppas ouens!)*



*Jacqueline van Eeden ... die langbeennooi wat op Interhoër die hoogspring-rekord laat spat het.*



***Wat is daar meer om te sê?***

## Interhuis Sportbyeenkoms

— Elrica de Kock

**Die Interhuis-byeenkoms was hierdie jaar 'n teleurstellende gebeurtenis. Ons atletiek was 'n opvolg van ons prestasies van verlede jaar, maar die gees was afwesig — 'n uitsondering op lg stelling was natuurlik die alombekende begeesterde koshuis.**

Wat die res van die skool betref, het die geesdriftige dirigente probeer om vir tien kinders per span te dirigeer. Die Rooi, Geel en Groen spanne het letterlik saamgespan, maar selfs toe was daar nie genoeg ondersteuners om enigsins 'n indruk te maak nie.

Die atlete het al beter presteer namate die aand gevorder het (in teenstelling met die toeskouers). Aan die einde van die aand, was Huis le Roux die wenners van die byeenkoms se dogtersafdeling en die Koshuis (wie anders?) van die geesbeker.

'n Uitdaging is deur 'n verteenwoordiger van die Koshuis aan die res van die skool gerig om volgende jaar weer te kom probeer.

# Sportman van die Kwartaal

## Zirk Buys

— Nico Snyman



**Wie van ons het nie al gejuig en gespring as dié atleet om die baan hardloop nie? Definitief een van Affies se aanskoulikste atlete, een van Affies se beste atlete en dan ook 'n besliste gunsteling by die toeskouers.**

Zirk het in die laerskool meestal net in verspring presteer. In st 6 en st 7 het hy aan wedlope begin deelneem — glo dit of nie — as langafstandatleet. Hy het egter nie vreeslike hoë hoogtes bereik nie.

In st 8 begin hy korter afstande hardloop, maar hy haal slegs die span omdat daar 'n 400m atleet kort was. Dié jaar kom hy derde op Interhoër. Hy speel ook die jaar vleuel vir die o/15 A rugbyspan en hulle wen Noord-Transvaal en vorder tot by die kwarteindronde van die Direkteurstrofeekompetisie.

In st 9 neem hy weer deel aan die 400m, maar neem ook deel aan die 300m hekkies. Hy behaal in altwee items 'n tweede plek op Interhoër en verdien 945 punte op die Sasoltabel met sy 300m hekkies. Hy neem nie aan die Sasolbyeenkoms deel nie, maar haal die Direkteurstrofeespan en behaal 'n derde en 'n vierde plek. Hy speel ook tweede span rugby. In Oktober dieselfde jaar, nadat hy vier maande glad nie geoefen het nie, hardloop hy op die Rentmeestersbyeenkoms die 300m hekkies in 'n tyd van 38,4 s (1 035 punte op die Sasoltabel). Vyftien minute daarna hardloop hy sy (tot op hede) beste tyd in die 400m.

Hierdie jaar het Zirk op die Interhoër in altwee sy items, 300m hekkies en 400m, gewen. Die 400m hardloop hy in 'n tyd van 50,3 sekondes, en die 300m hekkies in 38,9 sekondes (920 punte). Hy wen ook op die Sasoluitdunners die 400m en die 300m hekkies, laasgenoemde in 'n tyd van 38,3 sekondes (965 punte). Met sy tyd in die 300m hekkies kwalifiseer hy vir die Suid-Afrikaanse Junior Atletiek-kampioenskappe later die jaar.

Zirk sê hy het op die oomblik 'n probleem met motivering. Hy voel dat atlete gedwing word om te presteer en dan nie genoeg erkenning kry nie. Daar is tog 'n positiewe gees onder die atlete en daar word hierdie jaar nog baie prestasies van die atletiekspan verwag. Zirk hoop ook om 'n goeie plek op die SA's te behaal. Hy wil ook hierdie jaar meer konsentreer op rugby. Alhoewel hy meer bekend is vir atletiek, sê hy dat hy rugby meer geniet.

Volgende jaar gaan Zirk politieke wetenskappe by Tukkies swot. Hy is nog nie seker of hy op Universiteit aan atletiek gaan deelneem nie, maar gaan wel rugby speel.

Zirk behoort met die wen as erkenning en motivering 'n puik sportloopbaan vorentoe te handhaaf.

# ATLETIEK '92

**Geen skool kan naastenby die entoesiasme, diepte en prestasie van Affies ewenaar, as dit by atletiek of ondersteuning kom nie. Vra maar vir Waterkloof.**

Saterdagoggend, 8 Februarie om en by 02:00, bykans twee ure na die einde van die vriendskaplike byeenkoms tussen AHS en AHM en hierdie wintie skooltjie, het die Klofies bankvas met 'n valse gevoel van oorwinning gesit en toekyk hoe die Affies in donkerte die skoollied uit volle bors sing.

Na talle "onderhandelings" met die Klofies se "steroid-konings" is daar in Affie-geledere besluit om op die Waterkloofpaviljoen stelling in te neem, en gereed te maak vir die lang stryd van deursettingsvermoë en waagmoed wat tot die bitter einde gestry sou word. Hulle stel 'n ultimatum van tien minute voordat hulle terugkeer na Affieland! Met groot ontevredenheid het ons met 'n "magtige dreuning" die Klofies begroet ...

Na twee weke van harde oefening, opswepery en baie anti-Klofie literatuur het die "Gevreesde" na die slagveld vertrek. Gewapen met die Affie-pet en verskeie koelsakke, het die Affieondersteuners die res van Pilditchstadion met onberispelike netheid en styl tot stilstand gebring met hul aankoms.

Met net die aflosse oor was ons die voorlopers saam met die Waterklofies. Die Seunskool het toe al geweet dat die stryd vir hulle gewonne was.

Dramaties maar ongelooflik het "die Blouspan" soos 'n goed ingestelde Harley Davidson die een aflos na die ander ingeoes. Op daardie betowerende oomblik was geen bus in sig nie. (Amper soos in Annie se "Februarie-die-een-en-twintigste-ons-wag-tot-kwart-oor). Die Seuns begin hoop dat hulle eweknieë in die meisieskompetisie ook met die atletiekouers sou wegstap. Toe die aankondiging kom dat die Afrikaanse Hoër Meisieskool hulle kompetisie met twaalf enorme punte gewen het, was hulle seker in die "sewende bakkery", want al die hemele was beset.

Die vernedering was kompleet toe die Meisies ter inleiding van die magtige dreuning" met hul soete akkoorde almal binne die stadion se hare laat rys het. Toe: "Daar ruis uit Pretoria die roep tot verre Trans ..."

# Direkteurstrofee

**Vervolg van p 1**

Saam met hul puik afrigters veral ook by name mev Riana Raath, verdien hul beslis groot lof.

Affies se baie goeie afrigters soos onder andere menere Hennie Kotze, Pierre le Roux en At Oosthuizen en die geïnspireerde atlete — wen vir ons die Direkteurstrofee — weer eens 'n bewys dat toewyding en dryfkrag jou as 'n wenner uit die stryd laat tree.

Name soos dié van Mia en Magdel Gerdener, Marlie Basson, Suzanne Cullen, Anél van Niekerk en Jacqueline van Niekerk moet genoem word. Ook: Riaan Olckers, Zirk Buys, Lourens Visser, Charl Loubser en Dirkie Strydom se name verdien vermelding. Uitslae verskyn op bladsye 10 tot 12.

# AHM doen dit weer!

**Op Saterdag, 28 Maart, het die finaal van die Sasol '92 op Sasolburg plaasgevind.**

Sommer met die eerste item, nl die 3 000 meter o/17, het die Affie-atlete getoon dat hulle alles in die stryd gaan werp om hulle titel as nasionale kampioene van 1991 te verdedig. Marlie Basson het hierdie item in 'n skitterende tyd gewen en is dan ook as die tweede beste meisiesatleet van die byeenkoms aangewys!

Die kompetisie was baie sterk en die senuwees het maar die hele dag geknaag, maar op die ou end het die Affies olv mev Raath, weer as die wenners uit die stryd getree.

Al die atlete het hulle skitterend van hulle taak gekwyt.

Die uitslae was as volg:

**o/17-ouderdomsafdeling:**


| | |
|---|---|
| AHM | 12 700! |
| Westridge High | 9 650 |
| Hoërskool Framesby | 9 270 |

**Spankompetisie:**

| | |
|---|---|
| AHM | 14 875 |
| Oos-Moot | 14 445 |
| Pietersburg | 14 875 |

**Atlete wat skitterend gevaar het:**

| | | |
|---|---|---|
| Marlie Basson | 3 000 m Do/17 | 975 |
| | 1 500 m Do/17 | 930 |
| Suzanne Cullen | 1 500 m Do/17 | 915 |
| | 800 m Do/17 | 890 |
| Anél van Niekerk | 100 m Do/17 | 940 |
| | 200m Do/17 | 890 |
| Jacqueline v Eeden | HS Do/17 | 955 |



# Sportvrou van die Kwartaal

## Riana Raath

— Marelie du Plessis



**"Ek soek die 200's teen die bord, ouens!" Die stem kom van die vrou met die blou pet, donkerbril, kortbroek en wit en blou plakkies. Sy is elke dag op die baan, elf maande van die jaar (uitsluitende godsdienstige vakansiedae). Haar naam is Riana Raath — aan ons beter bekend as Juffrou Raath.**

Riana Vivienne Swart is op 10 Desember 196(?) gebore en word groot in Lydenburg. Sy was van jongs af 'n skitterende atleet. In st 5 hardloop sy 'n 100m in 12,8 sekondes! Sy word 'n leerling aan die Hoërskool Lydenburg en stel verskeie rekords in haar hoërskoolloopbaan op. Sy word jaar na jaar vir die Oos-Transvaalse atletiekspan gekies en verower talle goue en silwer medaljes op die SA Juniorkampioenskappe.

In matriek stel sy 'n nuwe WP rekord op in die 100m hekkies o/18 met 'n tyd van 13,5 sekondes! Sy is van st 8 tot 10 deel van die Oos-Transvaalse hokkiespan en was ook in matriek die kapteine van die span. In dieselfde jaar ontvang Juffrou Raath as hoofmeisie, uitstekende atleet en hokkiespeelster en goeie akademiese presteerder 'n eretoekenning van die stadsraad van Lydenburg in die vorm van 'n kleurbaadjie. Dit was die eerste keer dat só 'n toekenning gemaak is.

In 1981 begin sy haar studies (BAIHOD) aan die Pretoriase Universiteit. Hier is sy deur mev Bessie Windell afgerig. Gou het sy hier ook rekords laat spat met tye soos 11,71 sekondes (elektronies) vir die 100m. In 1982 eindig sy tweede in die 100m hekkies en 100m op die SA Seniorkampioenskappe. Die kroon word gespan op haar harde werk en sy word as Springbok gekies!

Op 26 November trou sy met André Raath en word sy toe Juffrou Raath! In Augustus 1987 word hulle 'n dogtertjie, Anri, ryker.

Dit is vanjaar Juffrou Raath se negende jaar by Affies. Haar gunsteling kos is macaroni-en-kaas (as atleet — wat anders), haar gunsteling program is "Loving" en haar gunsteling popliedjie is: "I am the one and only".

Deur die jare het Juffrou Raath talle atlete tot by SA Juniorkampioenskappe gehelp. Sy was ook een van die groot dryfvere agter die opkoms van Meisieshoër se atletiek (en wat 'n opkoms was dit nie!).

Verlede jaar het 9 van die 12 lede van die Sasolspan (wat die landswye dogterskompetisie gewen het) onder haar bekwame leiding geoefen. Op Juffrou Raath se skouers rus 'n groot verantwoordelikheid, aangesien sy al die naelloop-, hekkies- en middelafstandatlete afrig. Dat sy 'n puik afrigster is, is nie te betwyfel nie — kyk maar na die uitslae!

Juffrou Raath se lewenshouding dien dag na dag as inspirasie vir al haar leerlinge en atlete. Sy is 'n mens wat elke dag voluit lewe, en 'n glas as halfvol, eerder as halfleeg sien. Maar bo alles is Juffrou Raath baie beskeie (sy het nie van die berig geweet nie, anders was dit nie nou hier nie!).

Sy dien as atletiekma, ondersteuner, motiveerder, afrigster en juffrou, als in een! Haar gelowige lewenshouding is 'n voorbeeld vir almal. Na haar kyk 'n mens met baie respek, hope dankbaarheid en tonne liefde! Juffrou Raath, ons sien Juffrou wen!"

# Top 25 Prestasies tot 7 Maart 1992

| Plek | Naam | Datum | Byeenkoms | Item | Oud | T/A/H | Sasolpunt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Zirk Buys | 3/3/92 | Sasol U | 300m H | o/17 | 38,3 | 965 |
| 2. | Francois Strydom | 3/3/92 | Sasol U | 1 500m H | o/17 | 4:26,0 | 940 |
| 3. | Lourens Visser | 7/3/92 | Dir U | 100m H | o/15 | 14,22 | 940 |
| 4. | Dirkie Strydom | 25/1/92 | Brits | HS | o/16 | 1,95 | 935 |
| 5. | Riaan Olckers | 17/1/92 | Interhuis | GS | o/15 | 16,41 | 935 |
| 6. | Zirk Buys | 7/3/92 | Dir U | 400m | o/17 | 49,23 | 925 |
| 7. | Charl Loubser | 7/3/92 | Dir U | 300m H | o/16 | 40,64 | 920 |
| 8. | Francios Strydom | 20/2/92 | Interhoër | 1 500m | o/16 | 4:07,4 | 905 |
| 9. | Dirkie Strydom | 20/2/92 | Interhoër | 200m | o/16 | 22,6 | 905 |
| 10. | Sheldon Heuer | 20/2/92 | Interhoër | GS | o/16 | 14,32 | 905 |
| 11. | Rudi Gunter | 20/2/92 | Interhoër | 800m | o/19 | 1:54,4 | 895 |
| 12. | Graham Esterhuizen | 7/3/92 | Dir U | 200m | o/17 | 22,3 | 890 |
| 13. | Graham Esterhuizen | 20/2/92 | Interhoër | 100m | o/17 | 10,9 | 885 |
| 14. | Grant Esterhuizen | 20/2/92 | Interhoër | VS | o/16 | 6,54 | 885 |
| 15. | Michael Maritz | 20/2/92 | Interhoër | DG | o/17 | 49,76 | 885 |
| 16. | Hendré Geyser | 7/3/92 | Dir U | HS | o/17 | 1,96 | 880 |
| 17. | Rudi Gunter | 20/2/92 | Interhoër | 1500m | o/19 | 4:03,9 | 875 |
| 18. | Francois Strydom | 25/1/92 | Brits | 300m H | o/16 | 41,2 | 870 |
| 19. | Jakkie van der Walt | 25/1/92 | Brits | 100m H | o/15 | 14,3 | 870 |
| 20. | Wener Boshoff | 20/2/92 | Interhoër | VS | o/15 | 6,20 | 870 |
| 21. | Servaas Britz | 7/3/92 | Dir U | 400m | o/16 | 51,0 | 870 |
| 22. | Servaas Britz | 25/1/92 | Brits | VS | o/16 | 6,45 | 860 |
| 23. | Francois Bauwer | 20/2/92 | Interhoër | HS | o/15 | 1,80 | 860 |
| 24. | Sakkie Venter | 7/3/92 | Dir U | 1 500m | o/15 | 4:22,9 | 860 |
| 25. | Gerhardt Möller | 1/2/92 | Ermelo | 80m H | o/14 | 12,3 | 850 |



*Een terrein waar Affie seuns en meisies gelukkig aan dieselfde kant staan, is die skietbaan.*

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787 and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382